Soos verwag kan word, het die groeikoers van die Suid-Afrikaanse volkshuishouding gedurende die verloop van die na-oorlogse tydperk groot skommelings getoon. So het die bruto binnelandse produk teen heersende pryse, vanaf 1946 tot 1954, byvoorbeeld, teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van meer as 10 persent toegeneem. Die belangrikste bydraers tot hierdie baie hoë koers van toename was die primêre en sekondêre sektore met stygings van amper 12 persent en meer as 13 persent per jaar, onderskeidelik. Hierdie koerse van toename het egter ook aansienlike prysstygings ingesluit wat onder andere deur die devaluasie van die Suid-Afrikaanse pond en die invloed van die Koreaanse Oorlog veroorsaak is. Ná uitsluiting van prysveranderings het die reële bruto binnelandse produk teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van 5,3 persent toegeneem, wat 'n jaarlikse gemiddelde toename in die pryspeil van 4,7 persent oor hierdie tydperk impliseer.

Gedurende die tydperk van konsolidasie, naamlik 1955 tot 1962, het die bruto binnelandse produk teen heersende pryse gemiddeld met slegs 5,7 persent per jaar toegeneem. Aangesien die styging in die afgeleide prysdeflator slegs 1,5 persent per jaar bedra het, het die reële bruto binnelandse produk nogtans teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van 4,1 persent toegeneem. Binne hierdie tydperk van betreklik stadige ekonomiese groei, kan twee sub-tydperke van vier jaar elk onderskei word. Gedurende die eerste vierjaar-tydperk,

naamlik 1955 tot 1958, het die reële groeikoers progressief afgeneem en in 1958 die laagste peil vir enige enkele jaar in die na-oorlogse tydperk bereik, terwyl dit gedurende die volgende vierjaar-tydperk, 1959 tot 1962, 'n stygende neiging getoon het.

Die Suid-Afrikaanse volkshuishouding het gedurende

die laaste agtjaar-tydperk wat onderskei word, naamlik 1963 tot 1970, vinnig uitgebrei en die bruto binnelandse produk teen heersende pryse het teen die hoogs bevredigende gemiddelde jaarlikse koers van bykans 10 persent toegeneem. Die sekondêre sektor het die meeste tot hierdie hoë koers van toename bygedra en sy toegevoegde waarde het teen 'n aansienlik vinniger koers as dié van totale bruto binnelandse produk toegeneem. Die toegevoegde waarde van die tersiêre sektor het ongeveer dieselfde persentasietoename as totale bruto binnelandse produk getoon, terwyl dié van die primêre sektor teen 'n heelwat laer koers toegeneem het. Nieteenstaande 'n relatief hoë koers van toename in pryse van 3,3 persent per jaar, het die reële bruto binnelandse produk gedurende hierdie tydperk nogtans met gemiddeld 6,2 persent per jaar toegeneem.

Die ekonomiese groei in Suid-Afrika gedurende die na-oorlogse tydperk het met belangrike struktuurveranderinge, soos gemeet deur veranderinge in die relatiewe bydraes van die verskillende sektore van die volkshuishouding tot die bruto binnelandse produk, gepaard gegaan. Die persentasiebydrae van die primêre sektor het gedurende die na-oorlogse tydperk deurgaans afgeneem terwyl dié van die sekondêre sektor, daarenteen, voortdurend toegeneem en dié van die tersiêre sektor min verandering getoon het. Hierdie verandering in die Suid-Afrikaanse volkshuishouding is in ooreenstemming met die proses van ekonomiese ontwikkeling soos deur die meeste lande ondervind, en die aansienlike uitbreiding van die sekondêre sektor skyn 'n belangrike faktor in ekonomiese groei te wees.

Dit is verder belangrik om daarop te let dat die relatiewe gedeelte van die bruto binnelandse produk wat salaris- en loontrekkers toekom gedurende die

Tabel 2.


Besteding aan bruto binnelandse produk – gemiddelde jaarlikse persentasieverandering

	1946-1954	1954-1962	1962-1970	1946-1970
Teen heersende pryse				
Private verbruiksbesteding	8,4 ¹	5,1	9,6	7,6 ²
Owerheidsverbruiksbesteding	8,3	8,1	11,3	9,2
Bruto binnelandse vaste investering	16,0	2,4	14,0	10,6
Bruto binnelandse besteding	9,4	4,6	11,5	8,5
Uitvoere van goedere en nie-faktordienste	12,5	5,9	5,3	7,9
min Invoere van goedere en nie-faktordienste	9,4	2,0	12,3	7,8
Besteding aan bruto binnelandse produk = bruto binnelandse produk	10,2	5,7	9,7	8,5
Teen konstante 1963-pryse				
Private verbruiksbesteding	3,5 ¹	3,0	6,3	4,3 ²
Owerheidsverbruiksbesteding	2,8	5,7	5,7	4,8
Bruto binnelandse vaste investering	8,8	0,8	10,6	6,6
Bruto binnelandse besteding	4,6	2,9	7,9	5,1
Uitvoere van goedere en nie-faktordienste	5,1	6,2	4,0	5,1
min Invoere van goedere en nie-faktordienste	2,8	1,5	10,5	4,9
Besteding aan bruto binnelandse produk = bruto binnelandse produk	5,3	4,1	6,2	5,2

¹1947 tot 1954

²1947 tot 1970

Grafiek 2 Persentasieverdeling van bruto binnelandse produk teen faktorkoste



eerste twee tydperke wat onderskei word bykans onveranderd gebly het, maar gedurende die tydperk 1963 tot 1970 skerp toegeneem het. Die aandeel van die bruto bedryfsurplus het uiteraard in die teenoor-gestelde rigting as dié van salarisse en lone verander. Gedurende die jare 1963 tot 1965, toe 'n hoër gemiddelde groeikoers waargeneem is, het die bruto bedryfsurplus as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk merkbaar toegeneem, maar daarna, gedurende die volgende vier jare, aansienlik afgeneem toe die groeikoers geneig het om af te plat. In 1970 het hierdie verhouding tot die laagste peil in die na-oorlogse tydperk afgeneem.

Skommelings en veranderings in die samestelling van binnelandse vraag

Binnelandse vraag, soos gemeet deur bruto binne-landse besteding, is gelyk aan die totaal van private en owerheidsverbruiksbesteding, bruto binnelandse vaste investering en verandering in voorrade. Vanaf die aanbodkant is dit gelyk aan die bruto binnelandse produk plus invoere van goedere en nie-faktordienste min uitvoere van goedere en nie-faktordienste, of die totale waarde van goedere en dienste wat vir binne-landse gebruik beskikbaar is.

Die koers van verandering in totale binnelandse vraag is aan selfs groter jaarlikse skommelings as bruto binnelandse produk onderhewig, hoofsaaklik as gevolg van aansienlike veranderings in voorraadinvestering. Vanaf 1946 tot 1962, het bruto binnelandse besteding teen 'n aansienlik laer gemiddelde jaarlikse koers as bruto binnelandse produk toegeneem, maar vanaf 1962 tot 1970 is hierdie verloop omgekeer. Laasgenoemde ontwikkeling het tot ernstige binnelandse oorbesteding gelei en is, veral gedurende 1969 en 1970, in rekordtekorte op die lopende rekening van die betalingsbalans weerspieël. Gedurende die tydperk 1963 tot 1970 het oormatige binnelandse vraag buitengewone druk op die beskikbare produksiefaktore uitgeoefen wat op sy beurt veroorsaak het dat salarisse en lone, rentekoerse en pryse in die algemeen teen onaanvaarbaar hoë koerse gestyg het.

Soos verwag kon word het die groeikoers van die verskillende komponente van bruto binnelandse be- steding gedurende die drie tydperke wat onderskei word groot skommelings getoon en die relatiewe belangrikheid van die verskillende komponente van bruto binnelandse besteding het wesenlik verander. Tabel 3 bevat inligting oor die verdeling van die be- steding aan die bruto binnelandse produk teen sowel heersende as konstante pryse.

Verbruiksbesteding

In reële terme het die relatiewe aandeel van private verbruiksbesteding, as die vernaamste komponent van besteding aan die bruto binnelandse produk gedurende die na-oorlogse tydperk 'n geleidelik dalende neiging getoon, naamlik vanaf meer as 71 persent gedurende die tydperk 1947 tot 1954 tot 64 persent gedurende

Tabel 3.
Persentasieverdeling van besteding aan bruto binnelandse produk

	1947- 1954	1955- 1962	1963- 1970	1947- 1970
Teen heersende pryse				
Private verbruiksbesteding	68,5	64,1	61,2	63,3
Owerheidsverbruiksbesteding	9,1	9,4	11,2	10,3
Bruto binnelandse vaste investering	23,0	20,3	23,4	22,4
Verandering in voorrade ¹	1,8	0,3	2,7	1,8
Bruto binnelandse besteding	102,4	94,1	98,5	97,8
Uitvoere van goedere en nie-faktordienste	29,7	30,9	25,6	27,8
min Invoere van goedere en nie-faktordienste	32,1	25,0	24,1	25,6
Besteding aan bruto binne- landse produk=bruto binnelandse produk				
	100,0	100,0	100,0	100,0
Teen konstante 1963-pryse				
Private verbruiksbesteding	71,5	64,3	61,0	64,3
Owerheidsverbruiksbesteding	10,2	10,0	10,7	10,4
Bruto binnelandse vaste investering	23,1	20,2	23,5	22,4
Verandering in voorrade ¹	-0,7	0,5	2,6	1,2
Bruto binnelandse besteding	104,1	95,0	97,8	98,3
Uitvoere van goedere en nie-faktordienste	24,0	28,6	27,7	27,2
min Invoere van goedere en nie-faktordienste	28,1	23,6	25,5	25,5
Besteding aan bruto binnelandse produk=bruto binnelandse produk				
	100,0	100,0	100,0	100,0

¹Insluitende respos.

die tydperk 1955 tot 1962, en gedurende die jare 1963 tot 1970 selfs verder tot 61 persent. Gedurende die afgelope drie jare het dit egter vinniger as bruto binnelandse produk gestyg en in relatiewe belangrikheid toegeneem. Die relatief groot aandeel wat gedurende die tydperk 1947 tot 1954 aangeteken is, hou verband met die groot opgehoopte vraag wat net na die oorlog bestaan het. Die bydrae van owerheidsverbruiksbesteding tot die besteding aan die reële bruto binnelandse produk het gedurende die na-oorlogse jare slegs effens gestyg en tussen 10 en 11 persent, vir die drie tydperke wat onderskei word, bedra. Die relatiewe belangrikheid van totale verbruiksbesteding het dus gedurende die na-oorlogse tydperk aansienlik afgeneem en is een van die belangrikste struktuurveranderings wat ten opsigte van totale besteding voorgekom het. Nieteenstaande die dalende relatiewe belangrikheid van verbruiksbesteding, het dit voortgegaan om een van die vernaamste uitbreidende kragte in die volkshuishouding te wees.

Private verbruiksbesteding

Vanaf 1947 tot 1970 het totale private verbruiksbesteding teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van 7,6 persent toegeneem. Indien prysstygings uitgesluit word, het reële private verbruiksbesteding gemiddeld met effens meer as 4 persent per jaar toegeneem, wat

Tabel 4.

Private verbruiksbesteding ingedeel volgens tipe besteding – gemiddelde jaarlikse persentasiekoers van verandering

	1947-1954	1954-1962	1962-1970	1947-1970
Teen heersende pryse				
Voedsel, drank en tabak	8,8	4,8	8,2	7,2
Klerasie en skoeisel	7,5	2,8	10,2	6,8
Huur, brandstof en krag	8,3	6,8	9,3	8,2
Meubels, toerusting en lopende huishouding	9,8	3,6	9,5	7,5
Mediese versorging en gesondheidsuitgawes	8,3	5,9	9,1	7,7
Vervoer en kommunikasie	7,6	8,1	12,5	9,5
Ontspanning, vermaak, opvoeding en kulturele dienste	6,2	5,7	10,2	7,4
Diverse goedere en dienste	8,4	4,9	9,9	7,7
Totaal	8,4	5,1	9,6	7,6
Teen konstante 1963-pryse				
Voedsel, drank en tabak	3,3	2,8	5,1	3,8
Klerasie en skoeisel	4,5	2,7	9,3	5,5
Huur, brandstof en krag	3,5	2,7	4,3	3,5
Meubels, toerusting en lopende huishouding	3,3	2,4	6,3	4,0
Mediese versorging en gesondheidsuitgawes	4,5	3,7	2,5	3,5
Vervoer en kommunikasie	2,1	5,2	9,2	5,6
Ontspanning, vermaak, opvoeding en kulturele dienste	3,6	3,2	6,3	4,4
Diverse goedere en dienste	4,6	2,5	6,2	4,4
Totaal	3,5	3,0	6,3	4,3


'n gemiddelde jaarlikse styging in die afgeleide deflator vir private verbruiksbesteding van net meer as 3 persent aandui.

Afgesien van die afname in die relatiewe belangrikheid van private verbruiksbesteding in totale besteding, het daar ook belangrike veranderings in die verskillende komponente voorgekom. Besteding aan „vervoer en kommunikasie“ teen heersende pryse het, soos uit die bygaande tabel gesien kan word, die hoogste gemiddelde jaarlikse koers van toename in die na-oorlogse tydperk getoon. Besteding aan „huur, brandstof en krag“ het die tweede hoogste styging getoon, terwyl die ander ses bestedingsposte almal toenames van ongeveer dieselfde grootte aangeteken het. In reële terme het besteding aan „vervoer en kommunikasie“ en aan „klerasie en skoeisel“ die hoogste gemiddelde jaarlikse koerse van toename getoon, terwyl die ander bestedingsposte met ongeveer dieselfde persentasie toegeneem het. Ofskoon besteding aan noodsaaklike items, soos klerasie en skoeisel, die kleinste toename van die agt klasse wat onderskei word, getoon het, het die besteding aan hierdie goedere teen konstante pryse met 5½ persent per jaar toegeneem, wat 'n betreklik lae gemiddelde jaarlikse koers van toename in die pryse van hierdie artikels toon. Dit dui daarop dat die pryse van sekere noodsaaklike artikels soos klerasie en skoeisel in Suid-Afrika gedurende die na-oorlogse tydperk nie aan groot prysstygings onderhewig was nie.

Gedurende die onmiddellik na-oorlogse tydperk, wat deur redelik onstabiele ekonomiese toestande gekenmerk is, het die koers van toename in private verbruiksbesteding groot skommelings getoon, wat vanaf 12½ persent gedurende sowel 1948 as 1951 tot 4½ persent gedurende 1949 gewissel het. Gemiddeld het private verbruiksbesteding gedurende hierdie tydperk teen 'n jaarlikse koers van 8½ persent toegeneem, wat aansienlik minder was as die gemiddelde jaarlikse groei-koers in die bruto binnelandse produk. Besteding aan „meubels, toerusting en lopende huishouding“ en aan „voedsel, drank en tabak“ het gedurende hierdie tydperk sterk uitgestaan. Private verbruiksbesteding teen konstante pryse het teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van 3½ persent toegeneem, wat op 'n gemiddelde jaarlikse styging van bykans 5 persent in die afgeleide deflator vir private verbruiksbesteding gedurende hierdie tydperk dui.

Vanaf 1954 tot 1962 het private verbruiksbesteding teen heersende pryse teen 'n ietwat stadiger koers as die gemiddelde koers van toename in die bruto binnelandse produk toegeneem. Besteding aan „klerasie en skoeisel“ en aan „meubels, toerusting en lopende huishouding“ het gedurende hierdie agtjaar-tydperk die kleinste stygings getoon, terwyl besteding aan „vervoer en kommunikasie“ teen 'n hoër koers as

Grafiek 3 Gemiddelde jaarlikse persentasietoename in private verbruiksbesteding ingedeel volgens dienste en duursaamheid van goedere



gedurende die vorige tydperk toegeneem het. Aangesien hierdie tydperk deur betreklike prysstabiliteit gekenmerk is, met 'n styging van gemiddeld slegs 2 persent per jaar in die afgeleide deflator vir private verbruiksbesteding, het private verbruiksbesteding teen konstante pryse nogtans 'n gemiddelde jaarlikse koers van toename van 3 persent getoon.

'n Kenmerk van die laaste agtjaar-tydperk wat onderskei word, is die betreklik hoë gemiddelde jaarlikse koerse van toename wat in al agt klasse van private verbruiksbesteding, en in die besonder besteding aan „vervoer en kommunikasie“, ondervind is. Totale private verbruiksbesteding het dieselfde jaarlikse gemiddelde persentasietoename getoon as die bruto binnelandse produk, naamlik $9\frac{1}{2}$ persent.

Dit is van belang om aan te toon dat, in die indeling van private verbruiksbesteding volgens dienste en duursaamheid van goedere, die besteding aan duursame en semi-duursame goedere aan veel groter skommelings onderhewig was as die besteding aan nie-duursame goedere en dienste. (Sien grafiek 3). Dit is 'n welbekende verskynsel en kan aan die luukse en semi-luukse aard van die meeste duursame en semi-duursame goedere toegeskryf word. So het die besteding aan semi-duursame goedere byvoorbeeld, gedurende die tydperk van stadige ekonomiese groei (1955 tot 1962) die laagste gemiddelde jaarlikse koers van toename getoon, terwyl dit gedurende die tydperk van vinnige ekonomiese uitbreiding (1963 tot

1970) baie vinnig toegeneem het. Insgelyks het die besteding aan duursame goedere gedurende eersgenoemde tydperk 'n relatief lae gemiddelde jaarlikse koers van toename getoon, maar gedurende die laaste tydperk aansienlik versnel. Met verontagsaming van die spesiale omstandighede van die onmiddellik na-oorlogse tydperk, het die besteding aan duursame goedere as persentasie van totale private verbruiksbesteding vanaf die tweede na die laaste tydperk wat onderskei word, 'n styging getoon, terwyl die verhouding van nie-duursame goedere tot totale private verbruiksbesteding oor dieselfde tydperk effens afgeneem het. Die ooreenstemmende persentasies vir semi-duursame goedere en dienste het gedurende albei tydperke min of meer konstant gebly. Hierdie veranderinge, naamlik 'n afname in die relatiewe belangrikheid van noodsaaklike goedere (hoofsaaklik nie-duursame goedere, soos voedsel) en 'n toename in dié van weelde-artikels (duursame goedere) in die loop van die proses van ekonomiese ontwikkeling, is in ooreenstemming met die ervaring van baie ander lande.


Afgesien van die toename in relatiewe belangrikheid, het die samestelling van besteding aan duursame goedere interessante veranderinge getoon. Die verhouding van besteding aan meubels en huishoudelike

Tabel 5.

Persentasieverdeling van private verbruiksbesteding volgens dienste en duursaamheid van goedere

Teen heersende pryse	1947-1954	1955-1962	1963-1970	1947-1970
Duursame goedere	8,5	9,0	10,5	9,7
Meubels, huishoudelike toestelle, ens.	4,7	4,2	4,4	4,4
Persoonlike vervoertoerusting	2,1	3,3	4,4	3,6
Ander duursame goedere	1,7	1,5	1,7	1,7
Semi-duursame goedere	19,7	18,0	17,9	18,3
Klerasie en skoeisel	12,4	10,4	9,8	10,4
Huishoudelike tekstiele, toebehore, glasware, ens.	3,5	3,3	3,2	3,3
Motorbande, -onderdele en -toebehore	1,2	1,5	2,1	1,8
Ander semi-duursame goedere	2,6	2,8	2,8	2,8
Nie-duursame goedere	43,4	44,2	42,3	43,0
Voedsel, drank en tabak	35,3	35,5	33,5	34,4
Huishoudelike brandstof en krag	2,4	2,6	2,7	2,6
Petrol, olie en ghries	2,3	2,4	2,7	2,5
Ander nie-duursame goedere	3,4	3,7	3,4	3,5
Dienste	28,4	28,8	29,3	29,0
Huur	7,1	8,2	8,1	8,0
Lopende huishouding insluitende huysbediendes	5,2	5,0	4,9	4,9
Vervoer- en kommunikasie-dienste gekoop	4,4	4,4	4,5	4,5
Ander dienste	11,7	11,2	11,8	11,6
Totaal	100,0	100,0	100,0	100,0

Grafiek 4 Persentasieverdeling van private verbruiksbesteding aan duursame goedere



toestelle tot totale besteding aan duursame goedere, het byvoorbeeld 'n voortdurende daling getoon. Hierteenoor het die relatiewe belangrikheid van besteding aan persoonlike vervoertoerusting gedurende die tydperk deurgaans gestyg. Gedurende 1970 het die besteding aan persoonlike vervoertoerusting in werklikheid die besteding aan meubels en huishoudelike toestelle met die aansienlike bedrag van R50 miljoen oortref, met die gevolg dat sy verhouding tot totale besteding aan duursame goedere tot meer as 45 persent gestyg het.


Alhoewel private verbruiksbesteding gedurende die na-oorlogse tydperk in verhouding tot bruto binnelandse produk gedaal het, het die verhouding van private verbruiksbesteding tot beskikbare persoonlike inkomme vanaf 1953 betreklik konstant gebly en het die persoonlike besparingsverhouding (d.w.s. persoonlike besparing as 'n persentasie van beskikbare persoonlike inkomme) gevolglik prakties onveranderd gebly op 10 persent. Gedurende die laaste drie jaar van die laaste agtjaar-tydperk het private verbruiksbesteding egter teen 'n besonder hoë gemiddelde jaarlikse koers toegeneem, met die gevolg dat die verhouding van private verbruiksbesteding tot beskikbare persoonlike inkomme tot gemiddeld meer as 90 persent, vergeleke met minder as 88 persent gedurende die voorafgaande vyf jaar, d.w.s. 1963 tot 1967, gestyg het. Die verhouding van persoonlike besparing tot beskikbare persoonlike inkomme het gevolglik vanaf meer as 11 persent gedurende die tydperk 1963 tot 1967 tot ietwat minder as 9 persent gedurende die tydperk 1968 tot 1970 gedaal.

Verbruiksbesteding deur algemene owerheid

Verbruiksbesteding deur die algemene owerheid sluit in die lopende besteding aan salarisse en lone en goedere en ander dienste van 'n nie kapitale aard van die algemene afdelings, maar nie van die sake-ondernemings nie, van openbare owerhede. Openbare owerhede sluit in alle afdelings van die sentrale regering, provinsiale administrasies, plaaslike owerhede, die administrasie van Suidwes-Afrika, die Transkeise regering en ander owerhede en buitebegrotingsfondse soos byvoorbeeld die bestaans-beveiligingsfondse, die S.A. Bantoetrust, ens.

Nadat owerheidsverbruiksbesteding as 'n persentasie van bruto binnelandse produk tot 1954 slegs relatief geringe veranderings getoon het, het dit 'n geleidelik stygende neiging tot 1961 getoon, en is 'n gemiddelde jaarlikse koers van toename van 8,5 persent gedurende die tydperk 1954 tot 1961 aangeteken. Daarna het dit in elke jaar, behalwe in 1967, teen 'n koers van meer as 10 persent gestyg. Gedurende die tydperk 1962 tot 1970 het die gemiddelde jaarlikse koers van toename meer as 11 persent beloof, vergeleke met 9,7 persent in die bruto binnelandse produk. Die verhoging in die sestigerjare was van besondere belang en is hoofsaaklik deur die groei in die besteding van die sentrale regering verantwoord.

Grafiek 5 Persentasieverdeling van verbruiksbesteding deur die algemene owerheid



Gedurende die tydperk 1962 tot 1970 het verbruiksbesteding deur die sentrale regering in werklikheid met soveel as 12,8 persent per jaar gestyg, vergeleke met 9,8 persent in die verbruiksbesteding van provinsiale administrasies en 7,9 persent in dié van plaaslike owerhede. Die gevolg was dat die aandeel van die sentrale regering in totale owerheidsverbruiksbesteding vanaf 46 persent gedurende die tydperk 1947 tot 1954 tot byna 58 persent gedurende die tydperk 1963 tot 1970 gestyg het, soos in die bygaande grafiek getoon word. Die rol van die provinsiale administrasies en plaaslike owerhede het dienooreenkomstige afnames getoon.

Die baie hoë groeikoers in verbruiksbesteding deur die algemene owerheid vanaf 1962 was egter in 'n baie groot mate aan prysfaktore toe te skryf. In werklikheid was die gemiddelde jaarlikse reële groeikoers vir hierdie tydperk dieselfde as wat gedurende die vorige agtjaar-tydperk behaal is, maar effens laer as die gemiddelde jaarlikse groeikoers van die reële bruto binnelandse produk gedurende die tydperk 1963 tot 1970. Hierdie ontwikkeling het bygedra tot die feit dat die gemiddelde jaarlikse groeikoers in die reële owerheidsverbruiksbesteding gedurende die na-oorlogse tydperk effens laer was as die gemiddelde groeikoers in die bruto binnelandse produk teen konstante pryse. Dit is gevolglik duidelik dat die afgeleide prysdeflator ten opsigte van owerheidsverbruiksbesteding gedurende die na-oorlogse tydperk dié van die hele volkshuishouding oortref het en vir die tydperk 1963 tot 1970 'n merkbare toename van gemiddeld meer as 5 persent per jaar getoon het. Die relatief hoë koers van toename in hierdie afgeleide prysde-

flator kan byna uitsluitlik aan aansienlike toenames in salaris- en loonskale, veral gedurende die sestigerjare, toegeskryf word.

Bruto binnelandse vaste investering

Bruto binnelandse vaste investering, die derde vername komponent van besteding aan die bruto binnelandse produk, is in 'n groot mate met die koers van ekonomiese ontwikkeling gekorreleer. Gedurende die eerste agtjaar-tydperk van betreklik vinnige ekonomiese groei, het reële vaste kapitaalvorming 23 persent van die bruto binnelandse produk bedra, maar gedurende die middeldtydperk van betreklik stadige ekonomiese ontwikkeling het die relatiewe belangrikheid daarvan merkbaar tot 20 persent afgeneem. Gedurende die laaste tydperk van vinnige ekonomiese uitbreiding het die relatiewe belangrikheid daarvan egter weer eens aansienlik tot 23½ persent toegeneem, en het dit in 1965 selfs 'n peil van so hoog as 25,1 persent bereik.

In tabel 6 word die peil van bruto vaste investering teen heersende pryse in Suid-Afrika as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk met die ooreenstemmende peil in ander ontwikkelde lande vir die tydperk 1959 tot 1968 vergelyk. Dit skyn dat Suid-Afrika se investeringsvertoning nie as baie bevredigend beskou kan word nie, aangesien dit slegs die agtste plek beklee wanneer dit met die 11 ander lande, in die tabel, vergelyk word. Japan, wat gemiddeld ongeveer 32 persent van sy bruto binnelandse produk aan vaste kapitaalvorming toewys het verreweg die hoogste verhouding gehad. Die gemiddelde jaarlikse persentasiekoerse van toename in vaste kapitaalbesteding vir die drie tydperke wat onderskei word, verskil aansienlik. Gedurende die eerste agtjaar-tydperk na Wêreldoorlog II het bruto binnelandse vaste investering teen 'n vinnige gemiddelde koers van nie minder nie as 16 persent per jaar toegeneem. Die belangrikste bydrae tot hierdie hoë peil van investeringsaktiwiteit is deur die private sektor, en veral die mynbou en steen-

groewery as gevolg van die ontdekking en ontwikkeling van die Oranje-Vrystaatse en Wes-Transvaalse goudvelde, gelewer. Private woongeboue, die landbou en private fabriekswese was ook vir die investeringsoplewing verantwoordelik. Openbare korporasies het aansienlike investering in die fabriekswesesektor onderneem deur die oprigting van Yskor se Vanderbijlparkwerke en Sasol. Die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie het ook sy kragvoorsieningsfasiliteite op 'n groot skaal uitgebrei.

In 1953 het die hoë koers van vaste investering in Suid-Afrika begin afplat en tussen 1954 en 1962 teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van slegs 2,4 persent toegeneem. Openbare owerhede, insluitende die S.A. Spoorweë, het gedurende hierdie tydperk die meeste tot die toename in bruto binnelandse vaste investering bygedra. In die private sektor het slegs fabriekswese 'n noemenswaardige bydrae gelewer, terwyl vaste kapitaalbesteding in die landbou, bosbou en visserij, mynbou en steengroewery en aan woongeboue afgeneem het.

Die vroeë sestigerjare was vanweë verskeie eksogene faktore deur 'n lae peil van investeringsaktiwiteit gekenmerk. In 1963 is die meeste van die onsekerhede aangaande Suid-Afrika se posisie ná die beëindiging van sy Statebondslidmaatskap, sowel as die gebrek aan vertroue in die volkshuishouding, egter uit die weg geruim en het die volkshuishouding 'n uitbreidingsfase betree. Vaste kapitaalbesteding het 'n merkbare oplewing getoon en voortgegaan om gedurende die sestigerjare teen 'n hoë koers toe te neem. Al die sektore het aan die investeringsoplewing deelgeneem, alhoewel private vaste investering teen 'n stadiger koers as vaste kapitaalvorming deur openbare owerhede en openbare korporasies toegeneem het. Openbare owerhede se aandeel in bruto binnelandse vaste investering het op 'n hoë peil gebly en die skepping van gemeenskaps- en maatskaplike dienste sowel as vervoer- en kommunikasiefasiliteite het vinnig toegeneem om in die toenemende behoeftes van die volkshuishouding te voorsien. Die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie moes sy uitbreidingsprogram versnel ten einde die toenemende vraag na krag te bevredig, terwyl nuwe openbare korporasies met groot kapitaalbehoefte (soos Natref en Alusaf in die fabriekswesesektor en die Suid-Atlantiese Kabelmaatskappy in die kommunikasiesektor) gestig is. Die belangrikheid van die vaste investering van openbare korporasies het gevolglik wesenlik toegeneem. Private vaste kapitaalbesteding het tussen 1962 en 1970 oor 'n breë front toegeneem waaronder vaste investering in fabriekswese, private woongeboue en kapitaalbesteding aan toerusting vir verhuringsdoeleindes die mees opvallende uitbreiding getoon het, terwyl vaste investering in die primêre sektore teen 'n betreklik lae koers toegeneem het.

Belangrike struktuurveranderinge het ook gedurende die na-oorlogse jare in vaste investering plaasgevind.

Tabel 6.

Bruto binnelandse vaste investering as persentasie van bruto binnelandse produk, 1959 tot 1968

Land	
Japan	32,0
Switserland	26,7
Nederland	25,1
Wes-Duitsland	24,6
Swede	23,5
Frankryk	23,4
Kanada	23,0
Suid-Afrika	22,0
België	20,9
Italië	20,7
Verenigde Koninkryk	17,3
Verenigde State	16,9

Bron: Verenigde Volke, *Yearbook of National Accounts Statistics*.

Die relatiewe belangrikheid van vaste kapitaalvorming deur private sake-ondernemings het aansienlik afgeneem vanaf ongeveer 65 persent in die tydperk 1947 tot 1954 tot minder as 56 persent in die tydperk 1963 tot 1970. Vaste investering deur openbare owerhede, daarenteen, het gedurende dieselfde tydperk skerp in belangrikheid toegeneem vanaf ongeveer 27 persent tot bykans 35 persent terwyl dié deur openbare korporasies slegs 'n matige toename getoon het.

Ingedeel volgens tipe ekonomiese aktiwiteit, was die tersiêre sektor vir die grootste gedeelte van bruto binnelandse vaste investering verantwoordelik. Bowendien het die relatiewe belangrikheid van die diens-tesektor gedurende die na-oorlogse tydperk toegeneem en was gedeeltelik 'n weerspieëling van die toenemende belangrikheid van openbare owerhede in bruto binnelandse vaste investering. Vaste kapitaalbesteding in die sekondêre sektor was vir meer as een-kwart van bruto binnelandse vaste investering sedert 1946 verantwoordelik en die verhouding daarvan tot bruto binnelandse vaste investering het oor hierdie tydperk ook 'n opwaartse neiging getoon. Soos in enige ontwikkelende volkshuishouding verwag kan word, het vaste kapitaalvorming in die primêre sektor nie met dié in die sekondêre en tersiêre sektore tred gehou nie, met 'n gevolglike afname in die persentasiebydrae daarvan tot bruto binnelandse vaste investering. Gedurende die hele na-oorlogse tydperk het die primêre sektor effens minder as een-vyfde tot bruto binnelandse vaste investering bygedra.

Ingedeel volgens tipe bate, was kapitaalbesteding aan geboue en konstruksiewerke gedurende die na-oorlogse tydperk vir 58 persent van totale vaste investering verantwoordelik, terwyl die besteding aan masjinerie en toerusting (insluitende vervoertoerusting) rondom 'n peil van 42 persent van totale vaste investering geskommel het. Hoewel die batesamestelling van bruto binnelandse vaste investering gedurende die drie tydperke wat onderskei word, bykans onver-

anderd gebly het, het merkbare jaarlikse skommelings binne die tydperke plaasgevind. In die klas geboue en konstruksiewerke was daar egter 'n verskuiwing vanaf woongeboue na konstruksiewerke.

Verandering in voorrade

Gedurende die na-oorlogse tydperk het die totale waarde van voorrade (uitgesonderd die waarde van die veestapel) as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk aansienlik afgeneem. Die gemiddelde peil van voorrade in die tydperk 1963 tot 1970 was slegs 36,5 persent van die bruto binnelandse produk vergeleke met 41,5 persent gedurende die tydperk 1947 tot 1954. Sedert die vroeë sestigerjare het die dalende neiging in die verhouding egter gelyk begin verloop en het die verhouding rondom 'n peil van ongeveer 36 persent geskommel. Vanweë aansienlike toevoegings tot voorrade gedurende 1969 en 1970, het die persentasie tot 38,2 persent in 1970 toegeneem.

Op 'n jaarbasis was belegging in voorrade, of netto verandering in voorrade, aan betreklik groot en onreëlmatige skommelings onderhewig. Die betreklik hoë koers van belegging in voorrade gedurende die tydperk 1947 tot 1954 was hoofsaaklik tot die „boom“-jare 1947 en 1948 beperk. Toevoegings tot handels- en nywerheidsvoorrade was in 'n groot mate verantwoordelik vir voorraadinvestering gedurende die tydperk 1947 tot 1954 en het meer as 67 persent van die totale toevoeging tot voorrade teen boekwaarde verteenwoordig. Die tydperk 1955 tot 1962 is deur 'n lae algemene peil van belegging in voorrade gekenmerk.


Met die versnelling in die koers van toename in ekonomiese aktiwiteit vanaf 1963 het voorraadinvestering ook toegeneem. Met die uitsondering van 1966 en 1968 het belegging in voorrade in die tydperk

Tabel 7.

Persentasieverdeling van bruto binnelandse vaste investering volgens tipe ekonomiese aktiwiteit

	1947-1954	1955-1962	1963-1970	1947-1970
Landbou, bosbou en vissery	14,6	11,4	6,9	9,4
Mynbou en steengroewery	13,6	11,5	7,8	9,7
Fabriekswese	14,2	14,2	18,5	16,7
Elektrisiteit, gas en water	8,2	8,3	8,1	8,1
Konstruksie (kontrakteurs)	0,6	0,6	1,4	1,1
Groot- en kleinhandel, verversing en akkommodasie	6,2	6,9	5,8	6,2
Vervoer, opberging en kommunikasie	13,2	16,1	13,3	14,0
Finansies, versekering, vaste eiendom en besigheidsdienste	19,4	16,3	20,0	18,9
Gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste	10,0	14,7	18,2	15,9
Totaal	100,0	100,0	100,0	100,0

Grafiek 6 Waarde van voorrade as persentasie van bruto binnelandse produk



1963 tot 1970 regdeur teen 'n hoë peil voortgeduur. Nywerheids- en handelsvoorrade was weer eens vir bykans 78 persent van die totale voorraadopbouing en ook in 'n groot mate vir die aansienlike skommelings in voorraadveranderings verantwoordelik.

Finansiering van bruto binnelandse investering

Die bronne van kapitaal vir die finansiering van die bruto binnelandse investering is persoonlike besparing, maatskappybesparing of onuitgekeerde winste van maatskappye, die lopende surplus van die algemene owerheid, voorsiening vir waardevermindering en fondse voorsien deur die buiteland.

Gedurende die na-oorlogse tydperk het netto binnelandse besparing gemiddeld ongeveer 55 persent en voorsiening vir waardevermindering ietwat meer as een-derde van die totale kapitaalbehoefte bygedra. Binnelandse bronne was dus onvoldoende vir die finansiering van bruto binnelandse investering en die tekort moes gevolglik òf deur 'n netto kapitaalinvloeiing vanaf die buiteland òf deur 'n intering op die land se goud- en buitelandse reserwes, goedgemaak word.

Alhoewel Suid-Afrika gedurende die na-oorlogse tydperk nie in 'n posisie was om sy totale binnelandse kapitaalbehoefte uit interne bronne te voorsien nie, vergelyk die verhouding van die bruto binnelandse produk wat gespaar is nietemin gunstig met dié van ander ontwikkelde lande. (Sien tabel 8). Hierdie verhouding het gedurende die na-oorlogse tydperk geneig om toe te neem. In die jare onmiddellik na Wêreldoorlog II het bruto binnelandse besparing slegs ongeveer een-sesde van die bruto binnelandse produk bedra en kon minder as twee-derdes van die bruto investering uit binnelandse bronne gefinansier word. Die handhawing van 'n hoë koers van binnelandse kapitaalvorming gedurende hierdie tydperk het gevolglik 'n aansienlike kapitaalinvloeiing vanaf die buiteland ten bedrae van R1 441 miljoen, of 26 persent van bruto binnelandse investering, vereis. Nieteenstaande hierdie invloeiing is daar nogtans tot 'n bedrag van

R221 miljoen ingeteer op die goud- en buitelandse reserwes om binnelandse besparing aan te vul.

Vanaf 1955 tot 1962 was daar 'n ommeswaai in die neiging en oor hierdie tydperk as geheel het Suid-Afrika ongeveer 23 persent van die bruto binnelandse produk gespaar. Aangesien bruto binnelandse besparing gedurende hierdie tydperk bruto binnelandse investering oorskry het, is die oorskotfondse vir netto buitelandse belegging en vir toevoegings tot die goud- en buitelandse reserwes van Suid-Afrika aangewend.

Alhoewel bruto binnelandse besparing gedurende die tydperk 1963 tot 1970 verder gestyg het tot 'n peil van 24,2 persent van die bruto binnelandse produk was dit nietemin onvoldoende vir die finansiering van bruto binnelandse investering. As gevolg van die groot invloeiing van buitelandse kapitaal, was Suid-Afrika gedurende hierdie tydperk as geheel nogtans in staat om sy goud- en buitelandse reserwes te verhoog, maar in 1970 het die goud- en buitelandse reserwes skerp gedaal.

'n Opmerklieke kenmerk van die finansiering van bruto binnelandse kapitaalvorming gedurende die na-oorlogse tydperk was die toenemende belangrikheid van die algemene owerheid as finansieringsbron. Terwyl die surplus van die algemene owerheid gedurende die tydperk 1947 tot 1954 ongeveer 14 persent tot totale bruto binnelandse besparing bygedra het, was die ooreenstemmende persentasie 18 persent gedurende die tydperk 1963 tot 1970. Maatskappybesparing, d.w.s. onuitgekeerde winste van maatskappye, het ook sedert 1953, die eerste jaar waarvoor ramings beskikbaar is, geneig om as persentasie van bruto binnelandse besparing toe te neem. 'n Aangeleentheid wat veral gedurende die afgelope aantal jare kommer wek, is die dalende neiging in die relatiewe bydrae van die persoonlike sektor tot bruto binnelandse besparing.

Betalingsbalans

Een van die belangrikste kenmerke van Suid-Afrika se transaksies met die res van die wêreld is dat invoere gewoonlik uitvoere van goedere en dienste oorskry. Hierdie eienskap kan met die stadium van ekonomiese ontwikkeling van die land in verband gebring word. Die meeste ontwikkelende volkshuishoudings het 'n hoë invoergeneigdheid, met die gevolg dat 'n vinnige styging in nasionale inkome gewoonlik met 'n skerp toename in invoere gepaard gaan. Terwyl invoerverganging bygedra het tot groei in die volkshuishouding, het dit gepaard gegaan met 'n verhoogde vraag na ingevoerde intermediêre en kapitaalgoedere.

Dit is dan ook nie verbasend nie dat 'n tekort op die lopende rekening van die land se betalingsbalans in al die na-oorlogse jare, met die uitsondering van ses jare, voorgekom het. Die oorskot wat vanaf 1959 tot 1963 behaal is, kan in 'n groot mate toegeskryf word aan die konsolidasiebeleid wat deur die owerhede gevolg is en aan eksogene faktore, byvoorbeeld die


Tabel 8.

Bruto binnelandse besparing as persentasie van bruto binnelandse produk, 1959 tot 1968

Land	
Japan	35,8
Switserland	27,8
Nederland	27,4
Wes-Duitsland	26,6
Frankryk	24,9
Suid-Afrika	24,4
Italië	23,9
Swede	23,9
Kanada	22,8
België	21,7
Verenigde State	18,3
Verenigde Koninkryk	18,2

Bron: Verenigde Volke, *Yearbook of National Accounts Statistics*.

Grafiek 7 Saldo op lopende rekening en netto kapitaalbewegings
R miljoene



politieke onrus gedurende 1960 met sy sielkundige invloed. Hierdie jare is gevolglik gekenmerk deur 'n relatief lae groeikoers in die volkshuishouding wat gepaard gegaan het met 'n lae koers van toename in goedere-invoere en betalings vir dienste aan die res van die wêreld, terwyl netto goudproduksie en goedere-uitvoere skerp toegeneem het. Die klein oorskot in 1968 was die gevolg van 'n vinnige toename in goedere-uitvoere wat verband gehou het met die skerp styging in die uitvoere van mielies, terwyl invoere gedurende daardie jaar, hoofsaaklik vanweë die devaluasie van sterling en ander geldeenhede in November 1967, afgeneem het.

'n Verdere kenmerk van die Suid-Afrikaanse betalingsbalans is dat dit in elke jaar sedert Wêreldoorlog II met die uitsondering van 1957 en die tydperk 1959 tot 1964, 'n netto invloeiing van kapitaal getoon het. Die voortdurende invloeiing van buitelandse fondse na die land, is 'n duidelike aanduiding van buitelandse beleggers se vertroue in die ekonomiese potensiaal en stabiliteit van Suid-Afrika. Bowendien is opbrengskoeers op beleggings in Suid-Afrika van die hoogste in die wêreld. Spesiale faktore was vir die netto kapitaaluitvloeiing in 1957 en vanaf 1959 tot 1964 verantwoordelik. Gedurende 1957 en 1959 het die uitvloeiing in die onregstreekse beleggingsektor voorgekom,

en was in 'n groot mate die gevolg van relatief hoë pryse op die Johannesburgse Effektebeurs, krediet-beheermaatreëls wat in die Verenigde Koninkryk toegepas is en die hoë peil van rentekoerse wat in die buiteland geheers het. Die netto kapitaaluitvloeiing vanaf 1960 tot 1964 kan grootliks aan eksogene faktore toegeskryf word, byvoorbeeld die politieke onsekerheid van 1960 wat die vertroue van buitelandse beleggers ondermyn het, die onttrekking van Suid-Afrika uit die Statebond en die lae vlak van goud- en buitelandse reserwes.

Die peil van uitvoere en invoere

Soos in meeste ander ontwikkelende lande, is die ekonomiese groei en ontwikkeling in Suid-Afrika in 'n groot mate van buitelandse handel afhanklik. Ongeveer 28 persent van Suid-Afrika se bruto binnelandse produk in die na-oorlogse tydperk is uitgevoer, terwyl invoere van goedere en nie-faktordienste gedurende dieselfde tydperk ongeveer 26 persent van die totale waarde van goedere en dienste wat in die land geproduseer is, bedra het. Volgens 'n internasionale vergelyking vir die jare 1959 tot 1968, blyk dit dat Suid-Afrika se invoere en uitvoere tesame meer as die helfte van die waarde van sy totale produk gedurende daardie tydperk bedra het vergeleke, byvoorbeeld, met die Verenigde State waar dit minder as 10 persent beloop het. Net Switserland, België en Nederland van 'n aantal nywerheidslande, is meer afhanklik van buitelandse handel as Suid-Afrika, soos die bygaande tabel toon.

Soos aangetoon deur die bygaande grafiek, het die verhouding van invoere tot bruto binnelandse produk na Wêreldoorlog II 'n dalende neiging getoon. Gedurende die tydperk 1947 tot 1954, was hierdie verhouding besonder hoog, onder andere as gevolg van die opgehoopde vraag na ingevoerde goedere, die hoë peil van die private sektor se likwiditeit, wat met die groot kapitaalinvloeiing en in 'n mindere mate met 'n toename in bankkrediet in verband gebring kan word, en 'n hoë inflasiekoers in die buiteland.


Tabel 9.

Uitvoere en invoere van goedere en nie-faktordienste as 'n persentasie van bruto binnelandse produk, 1959 tot 1968

Land	Uitvoere	Invoere
Verenigde State van Amerika	4,8	4,6
Japan	10,3	9,8
Frankryk	13,8	13,3
Italië	16,1	15,3
Verenigde Koninkryk	19,2	20,0
Wes-Duitsland	20,7	18,6
Kanada	21,0	21,0
Swede	23,3	23,7
Suid-Afrika	28,0	23,6
Switserland	30,5	30,6
België	35,3	35,9
Nederland	45,5	45,7

Bron: Verenigde Volke, *Yearbook of National Accounts Statistics*.

Grafiek 8 Invoere* en uitvoere* as persentasie van bruto binnelandse produk, 1959 tot 1968



As gevolg van die relatief hoë groeikoers wat gedurende die afgelope 25 jaar deur Suid-Afrika ondervind is, was binnelandse produksie in 'n toenemende mate in staat om die stygende binnelandse vraag na goedere en dienste te bevredig. Nietemin moet die vermindering in die verhouding van invoere tot bruto binnelandse produk in 'n sekere mate aan die beleid van invoerbeheer toegeskryf word. Sedert invoerbeheer in 1948 ingestel is, is dit verslap of verskerp as deel van korttermyn fiskale en monetêre beleid. Gedurende 1966 en 1967 is invoerbeheer progressief verslap en in Desember 1969 het die Minister van Ekonomiese Sake aangekondig dat die regering hom nie verder op die bepaling van Artikel 12 van die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel, waarkragtens owerhede kwantitatiewe invoerbeperkings vir betalingsbalansdoeleindes mag toepas, sal beroep nie. As gevolg van hierdie verandering in owerheidsbeleid en die hoë koers van toename in bruto binnelandse besteding, het die verhouding van invoere van goedere en nie-faktordienste tot bruto binnelandse produk vanaf 22,4 persent in 1968 tot 25,0 persent in 1970 toegeneem.

Ongelukkig het dié gedeelte van die binnelandse produk wat uitgevoer is gedurende hierdie jare ook 'n dalende neiging getoon. Nadat die uitvoere van goedere en nie-faktordienste as 'n persentasie van bruto binnelandse produk van 29,7 persent in die tydperk 1947 tot 1954 tot 30,9 persent in die tydperk 1955 tot 1962 toegeneem het, het dit in die tydperk 1963 tot 1970 tot 26,1 persent verminder. In 1970 het hierdie verhouding tot slegs 21,8 persent gedaal, die laagste persentasie in enige jaar sedert Wêreldoorlog II. Hierdie afname stem ooreen met die ontwikkelings in ander ontwikkelende lande en hou moontlik verband met die hoë binnelandse vraag, lae buite-

landse vraag of ongunstige pryse. Alhoewel sekere faktore wat uitvoere mag beperk soos periodieke groot toenames in binnelandse vraag, ongunstige klimaats-toestande en arbeidstekorte, in die besonder wat geskoolde werkers betref, in Suid-Afrika bestaan het, was daar ook 'n aantal gunstige faktore soos tegnologiese verbeterings en ontdekkings van nuwe minerale teenwoordig. Soos hieronder aangetoon, het die volume van uitvoere gedurende die na-oorlogse tydperk betekenisvol toegeneem, met die gevolg dat die swak vertoning van die waarde van goedere-uitvoere in 'n groot mate toegeskryf moet word aan die relatief lae koers van toename in pryse, gepaardgaande met die produk- en geografiese konsentrasie van Suid-Afrikaanse uitvoere.


Die volume en eenheidswaarde van uitvoere en invoere

Soos verwag kon word, het die volume van sowel uitvoere as invoere in die na-oorlogse tydperk gestyg. Uit grafiek 9 blyk dit egter dat, terwyl die koers van toename in die volume van uitvoere vanaf 1948 tot 1962 dié van die volume van invoere oorskry het, die volume van invoere vanaf 1962 tot 1970 teen 'n hoër koers as dié van uitvoere toegeneem het. Bykomend tot die invloed van veranderinge in binnelandse ekonomiese aktiwiteit, het invoerbeheermaatreëls wat deur die owerhede toegepas is voor Desember 1969, ook die volume van invoere beïnvloed. So byvoorbeeld, het die volume van invoere slegs effens vanaf 1948 tot 1962 gestyg, maar na 1962, toe 'n meer liberale beleid ten opsigte van invoerbeheer deur die regering gevolg is, het die volume van invoere tot 1968 teen 'n gemiddelde koers van 9,7 persent toegeneem. As gevolg van die hoë koers van toename in binnelandse vraag sedert 1968, het die koers van toename in die volume van invoere gedurende die afgelope twee jare tot gemiddeld 13,1 persent jaarliks versnel.

Alhoewel dit 'n bestendig stygende neiging getoon het, het die volume van uitvoere opmerklik van jaar tot jaar in die na-oorlogse tydperk geskommel, veral indien goud uitgesluit word. Dit is derhalwe duidelik dat, niesteenstaande die nadeel van 'n vaste wêreldprys vir goud tot Maart 1968, goud 'n belangrike stabiliserende invloed op Suid-Afrikaanse uitvoere gehad het. Dit korttermynskommelings in die uitvoere van ander goedere is veral te wyte aan veranderinge in klimaatstoestande en ander eksogene faktore.

Volgens die gegewens in tabel 10 aangetoon, is dit duidelik dat invoerpryse gedurende die na-oorlogse jare vinniger as uitvoerpryse toegeneem het en daardeur Suid-Afrika se koopkrag op internasionale markte verminder het. Gevolglik word 'n groter volume uitvoere nou benodig om dieselfde volume invoere te bekom. Vanaf 1948 tot 1951 het die land se ruilvoet veral as gevolg van die devaluasie in 1949, egter met 20,0 persent verbeter, maar het daarna gedurende die tydperk tot 1958 met 18,8 persent verswak. Vanaf 1958 tot 1970 het die ruilvoet slegs met 3,4 persent

Grafiek 9 Volume van goedere-uitvoere en -invoere



Tabel 10. Ruilvoet (1963=100)

Tydperk	Ruilvoet	
	Uitgesonderd goud	Insluitende goud
1948-1954	115	111
1955-1962	102	102
1963-1970	99	98


tot nadeel van Suid-Afrika verswak. Soortgelyke neigings is waarneembaar indien goud van die uitvoerprys-indeks uitgesluit word. Die ruilvoet het dus slegs 'n geringe bydrae tot die groterwordende gaping tussen invoere en uitvoere gedurende die afgelope twaalf jaar gemaak, en 'n sneller toename in die volume van invoere as in die volume van uitvoere was veral vir die verswakking in die handelsbalans gedurende hierdie tydperk verantwoordelik.

Struktuurveranderinge in uitvoere en invoere

Uit 'n indeling van invoere volgens stadium van gebruik en produksie, wat slegs sedert 1957 beskikbaar is, is dit duidelik dat die styging in invoere gedurende die afgelope jare met 'n verandering in die samestelling van goedere-invoere gepaard gegaan het. Invoere van kapitaalgoedere as 'n persentasie van totale invoere het vanaf omtrent 30 persent in 1957 tot nie minder nie as 45 persent in 1970 toegeneem, terwyl die aandeel van intermediêre goedere 'n dienooreenkomstige afname vanaf 48 persent tot omtrent 34 persent getoon het. Invoere van verbruiksgoedere as 'n persentasie van totale invoer het gedurende die ooreenkomstige tydperk rondom ongeveer 20 persent geskommel.

Soos bygaande grafiek aandui, het die samestelling van goedere ingevoer tussen die jare 1957 en 1962 nie noemenswaardig verander nie. Met die daaropvolgende skerp herlewing in ekonomiese bedrywigheid

Grafiek 10 Invoere volgens stadium van gebruik as persentasie van totale goedere-invoere



en ook as gevolg van die hoë koers van toename in vaste investering gedurende die tydperk 1963 tot 1965, het die relatiewe belangrikheid van kapitaal-goedere ingevoer aansienlik toegeneem.

Suid-Afrika se goedere-uitvoere word gekenmerk deur 'n sterk konsentrasie in 'n betreklik geringe aantal produkte. Die relatiewe belangrikheid van hierdie faktor in die na-oorlogse tydperk het ook slegs in 'n geringe mate verander. Soos in tabel 11 aangetoon, het die nege vernaamste uitvoerprodukte (insluitende goud) 65,4 persent van totale uitvoere van goedere gedurende die tydperk 1963 tot 1970 bedra, vergeleke met 70,1 persent vir die tydperk 1947 tot 1954. Die volkshuishouding se afhanklikheid van so 'n klein aantal uitvoerprodukte waarmee buitelandse valuta vir die finansiering van invoere verdien moet word, veroorsaak dat Suid-Afrika baie kwesbaar vir veranderings in internasionale vraag en aanbod toestande is. Bowendien is vyf van hierdie produkte landbouprodukte, waarvan die aanbod onderhewig is aan groot skommelings as gevolg van veranderende klimaatstoestande.

Tabel 11.
Die persentasie-aandeel van sekere uitvoerprodukte tot totale goedere-uitvoere

Produkte	1947-1954	1955-1962	1963-1970
Netto goudproduksie	37,3	36,1	38,0
Goedere-uitvoere	62,7	63,9	62,0
Diamante	10,5	8,9	9,7
Wol	14,2	8,2	5,3
Koper	1,7	1,4	4,0
Vars vrugte	2,3	2,8	2,7
Mielies	1,0	2,6	1,9
Suiker	0,6	1,2	1,9
Asbes	1,0	1,4	1,3
Karakoelpelse	1,5	0,7	0,6
Ander	29,9	36,7	34,6
Totale goedere-uitvoere	100,0	100,0	100,0


Gelukkig het goud, as die vernaamste uitvoerprodukt van Suid-Afrika, 38,0 persent van die totale uitvoere gedurende die tydperk 1963 tot 1970 uitgemaak, vergeleke met 37,3 persent in die agtjaar-tydperk onmiddellik na Wêreldoorlog II. Vanweë die onbepaalde mark vir goud teen 'n vasgestelde prys wat tot 1968 bestaan het, het netto goudproduksie 'n stabiliserende invloed op totale uitvoere gehad. Aan die negatiewe kant, het die vaste goudprys egter 'n ongunstige uitwerking op Suid-Afrika se ruilvoet gehad, en terselfdertyd het algemene prysstygings die produksie van goud minder winsgewend gemaak. Met die beëindiging van die Goudpoelooreenkoms in Maart 1968 het die onbepaalde mark vir goud teen 'n vasgestelde prys verdwyn en het Suid-Afrika meer afhanklik van verkope op die meer spekulatiewe private mark geword. Sedert die nuwe Goudooreenkoms met die Internasionale Monetêre Fonds in Desember 1969 aangegaan is, het die prys van goud weer vas geword in

die sin dat daar 'n vloerprys van 35 dollars verkry is, terwyl goudprodusente terselfdertyd bevoordeel word deur premies op goudverkope teen hoër pryse op die private mark.

Die indeling van uitvoere volgens stadium van produksie in grafiek 11, toon duidelik dat goedere-uitvoere nog steeds in 'n groot mate uit die uitvoere van grondstowwe bestaan en laasgenoemde se relatiewe belangrikheid selfs toegeneem het gedurende die na-oorlogse tydperk. Grondstowwe as 'n persentasie van totale goedere-uitvoere, het skerp gestyg vanaf 26,0 persent gedurende die tydperk 1947 tot 1954 tot 43,6 persent gedurende die daaropvolgende tydperk en daarna tot 39,5 persent gedurende die tydperk 1963 tot 1970 afgeneem. Half-fabrikate het daarenteen regdeur die tydperk onder beskouing afgeneem, terwyl fabrikate 'n welkome toename in relatiewe belangrikheid gedurende die tydperk 1963 tot 1970 getoon het en in 1970 soveel as 21,2 persent bedra het.

Omdat die aandeel van die landbousektor in die totale uitvoere gedurende die na-oorlogse jare afgeneem het, was Suid-Afrika se goedere-uitvoere minder onderhewig aan skommelings in binnelandse aanbod, wat deur veranderings in klimaatstoestande en ander landbutoestande veroorsaak word, geraak. Die samestelling van landbou-uitvoere het ook verander as gevolg van 'n afname in die uitvoer van half-fabrikate van landbou oorsprong, terwyl die persentasie-aandeel van landbougrondstowwe uitgevoer in werklikheid toegeneem het. Die aansienlike toename in die belangrikheid van nie-edel mynbouprodukte,

Grafiek 11 Uitvoere volgens stadium van produksie as persentasie van totale goedere-uitvoere



kan daartoe lei dat Suid-Afrika se uitvoere meer aan veranderings in internasionale ekonomiese toestande onderhewig raak.

Geografiese verdeling van uitvoere en invoere

Suid-Afrika se uitvoere is nie net van betreklik min produkte afhanklik nie, maar is ook op 'n beperkte aantal lande toegespits. Gedurende die tydperk 1963 tot 1970 is ongeveer 72,6 persent van die totale goedere-uitvoere deur slegs agt Suid-Afrikaanse handelsvennote aangekoop, terwyl dieselfde agt lande nie minder nie as 73,3 persent van die land se invoere voorsien het. Hierdie afhanklikheid van slegs 'n paar markte het gedurende die na-oorlogse tydperk ook nog verder toegeneem en hou verband met die stadium van ontwikkeling van die land. Soos hierbo aangetoon, bestaan Suid-Afrika se uitvoere hoofsaaklik uit onverwerkte grondstowwe en half-fabrikate wat veral in die nywerheidslande in aanvraag is, terwyl hierdie lande op hulle beurt kapitaal- en intermediêre goedere aan Suid-Afrika verskaf.

Gedurende die na-oorlogse tydperk het daar egter belangrike veranderings in die relatiewe belangrikheid van hierdie vernaamste handelsvennote plaasgevind, soos uit die gegewens in tabel 12 gesien kan word.

Tabel 12.
Geografiese verdeling van uitvoere en invoere (Persent)

	1947-1954	1955-1962	1963-1970
UITVOERE			
Afrika	20.9	20.7	16.2
Europa	63.2	59.5	58.2
Verenigde Koninkryk	30.5	35.3	33.7
Frankryk	10.7	3.8	3.1
Wes-Duitsland	4.4	4.8	6.5
Italië	4.6	4.3	3.6
Nederland	3.6	2.6	2.1
België	3.2	4.6	4.1
Amerika	10.4	10.7	11.3
V.S.A.	8.6	9.1	8.9
Asië	4.0	7.6	13.1
Japan	1.0	3.9	10.6
Oseanië	1.5	1.5	1.2
Totaal	100.0	100.0	100.0
INVOERE			
Afrika	7.1	7.1	6.3
Europa	50.4	55.2	55.2
Verenigde Koninkryk	35.0	31.7	25.9
Frankryk	1.3	2.0	3.0
Wes-Duitsland	3.0	9.2	12.5
Italië	2.1	2.3	3.7
Nederland	1.3	2.3	2.4
België	2.1	1.8	1.2
Amerika	30.7	23.4	21.6
V.S.A.	24.3	18.9	17.8
Asië	10.9	13.3	15.1
Japan	1.8	3.2	6.8
Oseanië	0.9	1.0	1.8
Totaal	100.0	100.0	100.0

Alhoewel die Verenigde Koninkryk sy posisie as die land se vernaamste handelsvennoot behou het, het hy in die voorsiening van goedere aan Suid-Afrika veral teenoor Japan en Wes-Duitsland, aansienlik veld verloor. Die Verenigde State van Amerika is as die tweede belangrikste handelsvennoot deur Japan vervang en Japan se aandeel het sedert Wêreldoorlog II inderdaad baie snel toegeneem. 'n Soortgelyke skerp verbetering het in die aandeel van Wes-Duitsland voorgekom, in besonder wat sy bydrae tot Suid-Afrikaanse invoere betref, terwyl die relatiewe aandeel van Suid-Afrikaanse uitvoere na Frankryk 'n afnemende neiging getoon het. Met die uitsondering van handel met ander Afrikalande, wat 'n dalende neiging getoon het nadat meeste van hierdie lande onafhanklik geword het, was die ander vernaamste handelsvennote van Suid-Afrika min of meer in staat om hulle relatiewe posisies te handhaaf.

Saldo op onsigbare transaksies met die res van die wêreld

In teenstelling met die handelsbalans, wat in die meeste van die na-oorlogse jare 'n oorskot getoon het, het Suid-Afrika in sy onsigbare transaksies met die res van die wêreld sonder uitsondering 'n tekort ondervind. Die saldo op die onsigbare rekening het sedert Wêreldoorlog II 'n aansienlike verslegting, in absolute terme, getoon hoofsaaklik as gevolg van 'n voortdurende toename in netto betalings vir faktordienste wat, op sy beurt, verband hou met die toenemende buitelandse belegging in Suid-Afrika. Die toename in buitelandse belegging in Suid-Afrika word onder andere veroorsaak deur die feit dat, gedurende tydperke van vinnige groei in die ekonomie, binnelandse besparing gewoonlik nie voldoende vir die finansiering van binnelandse kapitaalvorming is nie en deur kapitaal uit die buiteland aangevul moet word. Stram binnelandse kapitaalmarktoestande kan ook lei tot toenemende buitelandse lenings deur openbare owerhede en openbare korporasie, terwyl 'n verslapping van valutabeheer, afhange van heersende binnelandse ekonomiese toestande, gebruik kan word om die invloeiing van kapitaal aan te moedig. Die toename in buitelandse laste het natuurlik 'n dienooreenkomstige toename in dividend- en rente-

Tabel 13.
Gemiddelde jaarlikse saldo op die onsigbare rekening met die res van die wêreld (R miljoene)

Tydperk	Saldo op onsigbare rekening	Netto betalings vir nie-faktordienste	Netto betalings vir faktordienste	Netto oordrag-ontvangste
1947-1954	-168	-27	-146	5
1955-1962	-233	-4	-240	11
1963-1970	-354	-40	-353	39

betalings aan die res van die wêreld tot gevolg. 'n Groeiende volkshuishouding vereis ook bykomende tegniese kennis („know-how”) wat tot verhoogde tantiëmebetalings aan buitelanders lei.

Gedurende die na-oorlogse jare het betalings vir nie-faktordienste gemiddeld teen 'n vinniger koers gedurende tydperke van relatief hoë groeikoerse in die ekonomie toegeneem. Betalings vir vrag en versekering op goedere-invoere het in ooreenstemming met skommelings in die volume van invoere en veranderinge in vragtariewe beweeg, terwyl ander ontvangste en betalings vir nie-faktordienste gelykmatig toegeneem het. Die stygende tendens in netto oordragontvangste gedurende die na-oorlogse jare het verband gehou met toenames in immigranterfondse en belastinge betaal deur buitelanders op hul beleggingsinkome in Suid-Afrika verdien.

Peil en samestelling van kapitaalinvloere

Soos die meeste ontwikkelende lande, is Suid-Afrika 'n netto invoerder van kapitaal en, soos hierbo aangedui, is die netto invloeiing van kapitaal gemiddeld hoër gedurende tydperke van vinnige ekonomiese groei as gedurende tydperke van stadige groei. Oor die korttermyn word hierdie netto kapitaalinvloeiing ook beïnvloed deur eksogene faktore, soos veranderinge op die internasionale monetêre gebied, devaluasies en revaluasies, krediet- en valutabeleid wat in die buiteland gevolg word, rentekoerspatrone en politieke ontwikkelings. Binnelandse fiskale en monetêre beleidsmaatreëls van die owerheid kan ook die peil en samestelling van die buitelandse laste van die land beïnvloed.

Oor die langtermyn was Suid-Afrika in 'n groot mate van buitelandse fondse vir ontwikkelingsdoeleindes afhanklik. Die tradisionele stabiliteit van Suid-Afrika en die daarmee gepaardgaande vertroue van buitelandse beleggers, die relatief hoë opbrengs op beleggings en die groei-potensiaal van die land het gedurende die na-oorlogse jare 'n groot netto kapitaalinvloeiing vanaf die buiteland tot gevolg gehad. Nieteenstaande hierdie groot netto kapitaalinvloeiing, het die verhouding van buitelandse laste tot bruto binnelandse produk 'n voortdurend dalende neiging, vanaf 63,8 persent in 1956 (die eerste jaar waarvoor syfers beskikbaar is) tot 41,3 persent in 1967, getoon voordat dit tot 44,9 en 44,0 persent in 1968 en 1969, onderskeidelik, toegeneem het. Suid-Afrika was gevolglik in 'n toenemende mate in staat om 'n groter gedeelte van die fondse te voorsien wat vir die finansiering van bruto binnelandse investering vereis word, maar is nog steeds in 'n groot mate van buitelandse bronne afhanklik vir die aanvulling van die aanbod van risikokapitaal.

Meer as 85 persent van die kapitaal wat gedurende die afgelope veertien jaar ingevoer is, is in die private sektor belê, hoofsaaklik in die vorm van langtermyn regstreekse beleggingskapitaal. Soos in tabel 14 aangetoon, was die grootste gedeelte van die buite-

Tabel 14.

Langtermyn buitelandse laste van die private sektor volgens tipe kapitaal (Persent)

Tipe kapitaal	1956-1962	1963-1969
Onuitgekeerde winste	31,4	42,4
Ander eienaarsbelang	53,1	44,4
Totale eienaarsbelang	84,5	86,8
Leningskapitaal	15,1	12,9
Vaste eiendom	0,4	0,3
Totale langtermynkapitaal	100,0	100,0

landse kapitaal wat na die private sektor gevloei het, in die vorm van eienaarsbelang, waarvan onuitgekeerde winste 'n groot en toenemende deel gevorm het. Vanweë, onder andere, die skerp toename in belasting op maatskappye sedert 1965, het leningskapitaal toegeneem vanaf 9,5 persent van totale buitelandse laste aan die einde van 1964 tot 16,8 persent aan die einde van 1969, terwyl die aandeel van eienaarsbelang 'n dienooreenkomstige daling getoon het.

Alhoewel 'n groot gedeelte van die toename in langtermyn buitelandse laste deur onuitgekeerde winste verantwoord is, en die uitwerking van onuitgekeerde winste van dié van nuwe buitelandse kapitaal kan verskil, het die toename waarskynlik verband gehou met die verkryging van buitelandse tegniese kennis, tegnologiese ontwikkelings en bestuurs- en ondernemingstalent wat noodsaaklik vir die ontwikkelingsproses is. Nuwe buitelandse direkte beleggings is egter soms gekoppel aan beperkings op die groei van filiaalmaatskappye vanweë die bepaling in sekere handelsmerkooreenkomste wat die uitvoere tot 'n sekere gebied beperk, of bepalinge waarvolgens die grootste gedeelte van die grondstowwe van die onderneming van die buiteland verkry moet word, terwyl sulke grondstowwe moontlik plaaslik teen laer koste beskikbaar is.

Die kapitaalinvloere deur die sentrale regering en banksektor is hoofsaaklik van 'n onregstreekse langtermyn aard, alhoewel staatsake-ondernemings in onlangse jare in toenemende mate van korttermyn-finansiering vir die invoer van kapitaalgoedere, gebruik gemaak het. In die jare onmiddellik na Wêreldoorlog II, het die sentrale regering hom in 'n groot mate tot buitelandse lenings gewend om die nodige infrastruktuur te finansier en om tred te hou met ontwikkelings in die private sektor. Namate toestande in die binnelandse kapitaalmark daarna verbeter het, is 'n groter gedeelte van die kapitaalbehoefte van openbare owerhede uit plaaslike bronne bevredig en het die aandeel van buitelandse skuld in totale staatskuld vanaf 9,7 persent aan die einde van 1959 tot 2,0 persent aan die einde van 1969 afgeneem. Gedurende 1970 het die stram binnelandse kapitaalmarktoestand egter weer eens tot gevolg gehad dat die sentrale regering groot bedrae in die buiteland moes leen en

die aandeel van buitelandse skuld het dienooreenkomstig weer tot 4,3 persent aan die einde van 1970 gestyg.

Peil en samestelling van kapitaaluitvoere

Soos in die geval van 'n ontwikkelende land verwag kan word, is kapitaaluitvoere deur Suid-Afrika relatief onbelangrik vergeleke met kapitaal wat vanaf die buiteland ontvang word. Aangesien die binnelandse kapitaalmark gewoonlik nie in staat is om voldoende fondse vir ontwikkeling te voorsien nie, veral gedurende tydperke van vinnige ekonomiese groei, vereis belegging deur Suid-Afrikaanse inwoners in die buiteland die voorafgaande goedkeuring deur die valutabeheerowerhede. Kapitaaluitvoere kan gunstig deur die owerhede oorweeg word, afhangende van die peil van die goud- en buitelandse reserwes, die doel van die belegging en die uitvoerpotensiaal wat met so 'n belegging gepaard gaan.

In teenstelling met buitelandse laste, wat in relatiewe belangrikheid afgeneem het, het buitelandse bates (uitgesonderd monetêre goudreserwes) gedurende die afgelope veertien jaar op 'n peil van ongeveer 11 persent van bruto binnelandse produk gebly. Hierdie relatief stabiele verwantskap bestaan egter slegs as gevolg van 'n vinnige toename in die onuitgekeerde winste van regstreekse beleggingskapitaal in die buiteland.

Buitelandse bates van Suid-Afrika word hoofsaaklik deur die private sektor besit en die grootse gedeelte is in die vorm van langtermyn regstreekse beleggingskapitaal. Langtermyn regstreekse belegging deur die private sektor geskied hoofsaaklik in die vorm van eienaarsbelang en het gedurende onlangse jare 'n stygende neiging getoon, terwyl die aandeel van onregstreekse belegging 'n dalende neiging getoon het wat met valutabeheermaatreëls verband gehou het. Soos die gegewens in tabel 15 toon, het onuitgekeerde winste as 'n persentasie van totale private langtermyn bates toegeneem vanaf 21,7 persent in die tydperk 1956 tot 1962, tot 37,7 persent gedurende die tydperk 1963 tot 1969. Die aandeel van leningskapitaal, vaste eiendom en veral ander eienaarsbelang het dienooreenkomstig 'n dalende neiging getoon.

Die sentrale regering en banksektor se buitelandse bates (uitgesonderd monetêre goudreserwes), wat gedurende die tydperk 1956 tot 1969 gemiddeld vir slegs 28,3 persent van die totale buitelandse bates verantwoordelik was, het hoofsaaklik uit korttermyn bates in die vorm van bedryfsaldo's bestaan wat banke vir die hantering van buitelandse valutatransaksies benodig.

Gevolgtrekkings

Nasionale rekening

Gedurende die afgelope vyf-en-twintig jaar het die Suid-Afrikaanse volkshuishouding 'n relatief hoë gemiddelde jaarlikse groeikoers van 5,2 persent behaal maar as gevolg van die vinnige koers van toename in die bevolking, het die reële bruto binnelandse produk per hoof van die bevolking met slegs 2,5 persent per jaar toegeneem. Alhoewel laag vergeleke met 'n aantal nywerheidslande, verteenwoordig hierdie koers nogtans 'n bevredigende styging in die algemene lewenstandaard van die bevolking. Bowendien is hierdie relatief hoë groeikoers sonder buitensporige toenames in die algemene pryspeil behaal. Trouens, die afgeleide bruto binnelandse produk deflator het teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van slegs 3 persent toegeneem, wat van die laagste is wat gedurende die na-oorlogse tydperk in die Westerse wêreld aangeteken is.

Soos verwag kan word, het die reële groeikoers van die volkshuishouding betekenisvolle veranderings gedurende die afgelope vyf-en-twintig jaar getoon. Drie breë tydperke kan onderskei word, naamlik (1) 'n tydperk van vinnige ekonomiese groei vanaf 1947 tot 1954 (5,3 persent groei per jaar) vergesel van hoë prysstygings (4,7 persent per jaar); (2) 'n tydperk van lae groei vanaf 1955 tot 1962 (4,1 persent groei per jaar) met 'n hoë mate van prysstabiliteit (1,5 persent per jaar); en (3) 'n verdere tydperk van vinnige groei vanaf 1963 tot 1970 (6,2 persent groei per jaar) wat weer gepaard gegaan het met 'n betreklik hoë koers van toename in pryse (3,3 persent per jaar).

Ekonomiese groei in Suid-Afrika, soos in die meeste nywerheidslande, het gepaard gegaan met 'n ononderbroke toename in die relatiewe belangrikheid van die sekondêre sektor, terwyl die persentasiebydrae van die primêre sektor tot die bruto binnelandse produk gedurende die na-oorlogse tydperk deurgaans gedaal het. Die persentasie-aandeel van salarisse en lone en bruto bedryfsurplus in die bruto binnelandse produk het in ooreenstemming met veranderings in die groeikoers van die volkshuishouding geskommel. Gedurende die afgelope vier jare, byvoorbeeld, toe groeikoerse geneig het om meer gelyk te verloop, het die relatiewe belangrikheid van salarisse en lone vinnig toegeneem en in 1970 die hoogste vlak in enige jaar gedurende die na-oorlogse tydperk bereik.

Betekenisvolle struktuurveranderings het ook aan die vraagkant voorgekom. Nadat dit 'n buitengewoon hoë peil net na die oorlog bereik het, het private ver-

Tabel 15.

Langtermyn buitelandse bates van die private sektor volgens tipe kapitaal (Persent)

Tipe kapitaal	1956-1962	1963-1969
Onuitgekeerde winste	21,7	37,7
Ander eienaarsbelang	51,3	40,6
Totale eienaarsbelang	73,0	78,3
Leningskapitaal	22,3	18,4
Vaste eiendom	4,7	3,3
Totale langtermynkapitaal	100,0	100,0

bruiksbesteding as 'n persentasie van bruto binnelandse produk, 'n geleidelik dalende neiging getoon. Gedurende die jare 1968 tot 1970 het dit egter teen 'n vinniger koers as bruto binnelandse produk toegeneem, met 'n gevolglike toename in relatiewe belangrikheid. In verhouding tot beskikbare persoonlike inkome, het private verbruiksbesteding egter vanaf 1953 betreklik konstant gebly, weer eens met die uitsondering van die afgelope drie jare. Gedurende laasgenoemde tydperk het hierdie verhouding skerp toegeneem, tesame met 'n aansienlike verslegting in die persoonlike besparingsverhouding, wat wesenlik tot inflasionistiese druk en die skaarsheid aan kapitaal in die binnelandse volkshuishouding bygedra het.

Die koers van toename in owerheidsverbruiksbesteding teen heersende pryse het vanaf 1962 tot 1970 aansienlik versnel. Hierdie versnelling was egter geheel en al aan 'n hoër koers van toename in die prysdeflator vir owerheidsverbruiksbesteding toe te skryf wat weer op sy beurt aan aansienlike stygings in die salaris- en loonskale van staatsamptenare te wyte was.

Bruto binnelandse vaste investering, wat nou gekorreleerd is met ekonomiese groei, het gedurende die afgelope vyf-en-twintig jaar 'n hoër koers van toename as enige van die ander bestedingskomponente getoon. In vergelyking met ander lande kan Suid-Afrika se investeringsvertoning egter nie as baie bevredigend beskou word nie aangesien dit slegs die agtste plek onder twaalf meer ontwikkelde lande beklee. 'n Wesenlike toename in die relatiewe belangrikheid van vaste investering deur openbare owerhede en openbare korporasies ten koste van private sakeondernemings was merkbaar, terwyl, ingedeel volgens ekonomiese aktiwiteit, die sekondêre sektor ten koste van die primêre sektor in belangrikheid toegeneem het.

Hoewel die omvang van veranderings in voorrade betreklik klein is, was dit aan groot en onreëlmatige skommelings onderhewig en het dit 'n belangrike uitwerking op jaarlikse veranderings in die totale monetêre vraag gehad. Die totale waarde van voorrade as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk het gedurende die na-oorlogse tydperk aansienlik afgeneem, maar gedurende 1970 het dit as gevolg van 'n groot toevoeging tot voorrade, redelik skerp toegeneem.

Gedurende die afgelope vyf-en-twintig jaar was Suid-Afrika daartoe in staat om 'n toenemende gedeelte van sy kapitaalbenodighede uit binnelandse bronne te finansier. 'n Belangrike ontwikkeling in die na-oorlogse tydperk was die aansienlike toename in die persentasiebydrae van die algemene owerheid tot binnelandse besparing. Bruto binnelandse besparing het gedurende hierdie tydperk bykans een-kwart van bruto binnelandse produk beloop en vergelyk gunstig met dié van ander Westerse lande. Nogtans is Suid-Afrika nog in 'n groot mate van buitelandse kapitaal, veral risikokapitaal, vir die bereiking van 'n betreklik hoë groeiakoers afhanklik.

Betalingsbalans

Soos in meeste ontwikkelende lande, is ekonomiese groei en ontwikkeling in Suid-Afrika baie afhanklik van buitelandse handel. Gebaseer op die persentasie van invoere en uitvoere tot bruto binnelandse produk, is Suid-Afrika wat afhanklikheid van buitelandse handel betref alleen deur drie uit die elf nywerheidslande wat vir vergelykingsdoeleindes gebruik is, oortref.

Gedurende die afgelope kwart-eeu, het goedere-invoere, sonder uitsondering, goedere-uitvoere (uitgesonderd goud) in elke jaar oorskry, ondanks die toepassing van invoerbeheermaatreëls gedurende die grootste gedeelte van hierdie tydperk. Indien goud ingesluit word, is 'n oorskot op die handelsbalans egter in meeste van die na-oorlogse jare behaal. 'n Aangeleentheid wat kommer wek is die verswakking in die handelsbalans sedert 1962, hoofsaaklik as gevolg van 'n hoër koers van toename in die volume van invoere as in dié van uitvoere, aangesien die ruilvoet slegs marginaal tot hierdie verswakking bygedra het. In teenstelling met die handelsbalans, het Suid-Afrika sonder uitsondering 'n tekort op sy onsigbare transaksies met die res van die wêreld ondervind. Sedert Wêreldoorlog II, het hierdie saldo aansienlik verswak, veral as gevolg van 'n voortdurende toename in netto faktorbetalings wat op sy beurt weer verband gehou het met die toenemende buitelandse belegging in Suid-Afrika. In totaal het Suid-Afrika dus, met die uitsondering van ses jaar, 'n tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans gedurende elk van die na-oorlogse jare ondervind, en gedurende die afgelope twee jare het hierdie tekort 'n rekord peil behaal.

Gedurende die na-oorlogse tydperk as 'n geheel, het invoere van goedere en nie-faktordienste as 'n persentasie van bruto binnelandse produk 'n dalende neiging getoon. Dit is nie verbasend nie, aangesien bruto binnelandse produk as gevolg van die hoë groeiakoers in die volkshuishouding oor hierdie tydperk in 'n toenemende mate in staat was om die groeiende binnelandse vraag na goedere en dienste te bevredig. Die vernaamste struktuurverandering wat sedert 1957 voorgekom het sover dit goedere-invoere betref, was die toename in die relatiewe belangrikheid van ingevoerde kapitaalgoedere ten koste van intermediêre goedere, terwyl die invoere van verbruiksgoedere as 'n persentasie van totale invoere min verandering getoon het.

Ongelukkig het uitvoere van goedere (insluitende goud) en nie-faktordienste as 'n persentasie van bruto binnelandse produk ook 'n dalende neiging gedurende die afgelope jare getoon en in 1970, die laagste peil in enige jaar sedert Wêreldoorlog II bereik. Suid-Afrika se goedere-uitvoere (insluitende goud) is bowendien afhanklik van 'n relatief klein aantal produkte, waarvan die relatiewe belangrikheid slegs in geringe mate in die na-oorlogse jare afgeneem het. Gedurende die tydperk 1963 tot 1970, was die nege vernaamste uit-

voerprodukte (insluitende goud) vir ongeveer tweederdes van die totale uitvoere van goedere verantwoordelik, wat Suid-Afrika baie kwesbaar vir veranderings in internasionale vraag- en aanbodtoestande maak. Ingedeel volgens stadium van produksie, bestaan goedere-uitvoere nog in 'n groot mate uit die uitvoere van grondstowwe, waarvan die relatiewe belangrikheid gedurende die na-oorlogse tydperk selfs toegeneem het.

Alhoewel die land se buitelandse handel betekenisvol toegeneem het en belangrike struktuurveranderinge in invoere en uitvoere gedurende die na-oorlogse tydperk voorgekom het, is Suid-Afrika se uitvoermarkte en bronne van invoere nog baie gekonsentreerd. Gedurende die tydperk 1963 tot 1970, byvoorbeeld, is ongeveer 72,6 persent van totale goedere-uitvoere deur slegs agt van Suid-Afrika se handelsvennote aangekoop, terwyl dieselfde agt lande nie minder nie as 73,3 persent van die land se invoere voorsien het. Alhoewel die Verenigde Koninkryk sy posisie as Suid-Afrika se vernaamste handelsvennoot behou het, het hy aansienlik veld, veral teenoor Japan en Wes-Duitsland, verloor, terwyl die Verenigde State deur Japan as die tweede belangrikste handelsvennoot vervang is.

Afgesien van 'n tekort op die lopende rekening wat gedurende meeste van die na-oorlogse jare ondervind is, het die Suid-Afrikaanse betalingsbalans ook 'n netto invloeiing van kapitaal vir elke jaar sedert Wêreldoorlog II, met die uitsondering van 1957 en die tydperk 1959 tot 1964, getoon. Dit is 'n duidelike aanduiding van die vertroue van buitelandse beleggers in die ekonomiese potensiaal en stabiliteit van Suid-Afrika, terwyl die opbrengskoers op beleggings in die land ook as van die hoogste in die wêreld bewys is. Meer as 85 persent van die kapitaal wat gedurende die afgelope veertien jaar ingevoer is, is in die private sektor belê, hoofsaaklik in die vorm van eienaarsbelang waarvan onuitgekeerde winste 'n groot en toenemende verhouding uitgemaak het. Soos in die geval van 'n ontwikkelende land verwag kan word, is kapitaaluitvoere deur Suid-Afrika, vergeleke met die kapitaal wat van die buiteland ontvang word, relatief onbelangrik.